
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Hoe God Jou wil Genees

God is so besorg oor ons gesondheid, dat Hy sewe duidelike maniere voorsien het vir ons liggame.

1. SALWING MET OLIE (Jak.5:14-16)

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

God sê baie duidelik, IEMAND onder julle, met ander woorde, enigeen(dit beteken jy) wat siek is, kan genesing ontvang. Dit is vir hulle wat so swak en uitgeput is, dat hulle nie meer self kan bid nie. God het 'n manier voorsien waar 'n swak gelowige gehelp kan word. Hy kan die genesende krag van God in sy liggaam ontvang, omdat die ouderlinge hom met olie gesalf het. God het Self die olie ingestel, 'n tasbare simbool vir die persoon wie se geloof swak is. Dit is nie die olie wat genees nie, maar God wat genees in reaksie op DIE GEBEDE VAN DIE OUDERLINGE en dit het 'n GROOT uitwerking.

Die dissipels in Jesus se tyd het ook van die metode gebruik gemaak(Mark.6:13). Wat ook hier interessant is om op te let, is dat God sê dat ons vir mekaar moet bid. (Maak seker dat die ouderlinge nie twyfel in God se wil om te genees nie, want dan sal hul gebede nutteloos wees).

2. AS TWEE OF DRIE BYMEKAAR IS (Matt.18:19-20).

"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde".

Twee waarhede kom hier duidelik na vore. Jesus sê, dat as twee van julle oor enigiets (insluitend genesing) saamstem, sal dit hulle ten deel val, nie miskien nie. Dit is ook baie belangrik dat die siek persoon en die intersessors saamstem, want dikwels word die indruk geskep dat dit so is, terwyl dit nie die geval is nie. Laat my verduidelik. Wanneer ek vir 'n siek persoon bid, is ek God se kanaal en Sy genesings krag vloei deur my na die siek persoon. Na die gebed open ek my oë vol verwagting dat God Sy Woord geëer het. Ek vra vir die siek persoon:"Wel my vriend, glo jy nou dat jy genees is?" Wanneer die antwoord is: "Ek hoop regtig so!" Dan stem ons nie saam nie, of hoe? Ek het GEGLO en God VERTROU vir genesing en die ander persoon het GEHOOP – 'n geweldige verskil! Maak dus baie seker van hierdie aspek. In die geval van hande oplê en intersessie, spreek jou behoefte hardop uit. Hoe kan iemand met jou saamstem oor 'n saak, as hy nie weet wat dit is waarvoor jy glo nie. God weet dat ons baie behoeftes het, omdat ons vlees en bloed is. Om hulp en genesing te ontvang moet ons egter by Sy voorskrifte bly: ons moet saamstem. God sê vir ons in **Mark.11:24 dat wanneer julle**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Hoe God jou wil genees….)

bid, glo dat julle ontvang en julle sal dit kry. Dikwels is die simptome van die siekte nog teenwoordig, maar 'n gelowige moet nie na die simptome kyk nie, maar na die uiteindelike resultaat. Neem bv. die tien melaatses of die blinde man wat in die poel van Siloam gewas het. Tussen die gebed en toe die genesing gemanifisteer het, het 'n tyd verloop.

3. HANDE OPLÊ (Mark.16: 17 en 18).

En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Die oplê van hande is al vir baie jare deur God se kinders gebruik, alhoewel baie gelowiges dit met sekere kerkgroepe en hul leerstellings verbind. Dit is egter wat die Woord van God ons leer en behoort die leerstelling van elkeen te wees wat homself as 'n kind van God beskou. Ek wil net aantoon dat die oplê van hande, Skriftuurlik is vir genesing sowel as om die Doop met die Heilige Gees te ontvang.

Luk.13:13:En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en God verheerlik.

Mark.5:23: Jairus smeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word,en sy sal lewe.

'n Ander wonderllike aspek van die oplê van hande vir genesing,is dat dit deur enige opregte gelowige beoefen kan word en nie noodwendig slegs deur 'n persoon wat die gawe van genesing van God ontvang het nie. Lees Mark.16:17 en 18 weer 'n keer. Die eerste deel sê: **<u>En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg,</u>** in My Naam.....

Daarom, as jy glo, kan jy met vertroue hande op die siekes lê; jou siek kind, vrou en ou moeder. Onthou net, Jesus het nie gesê dat ons die siekes moet gesond maak nie. Ons moet ons hande op hulle lê en God glo vir genesing. Hy sal die genesing doen!

God het ons belowe, dat as ons glo wanneer ons bid, sal ons verkry. **Mark.11:24: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.**

4. DIE GAWE VAN GENESING

(1Kor.12:8-11).

Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

Waarop ons eerstens moet let, is dat dit deur die Heilige Gees in werking gestel word soos dit Hom behaag. Hierdie gawe word verseker vandag nog toegepas. **1 Kor.12:28: En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.**

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat God die vrye gawe van genesing in die gemeente ingestel het en die argument van sommige moderne kerke dat die dinge slegs vir die vroeë kerk was, 'n leuen van die duiwel is. Mense wat hierdie sienswyse huldig ontken die wonderwerkende krag van God se Heilige Gees en daar is geen Skrif wat hul argumente staaf nie. In **Matt.28:18-20** lees ons: **En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.**

Ek prys God vir die wonderlike gawe van genesing wat Hy aan my gegee het volgens **1 Kor.12:4-10.**, om tot Sy heerlikheid en die voordeel vir hulle wat dit nodig het, te gebruik. Ek gebruik die gawe volgens God se opdragte en ons sien daagliks die wonderlike genesings van alle siektes en gebreke, net soos Sy Woord belowe. Prys Sy heerlike Naam! Jesus het die siekes genees gedurende Sy tyd op aarde **(Joh. 5:1-9)**, en dan was daar Petrus en Johannes **(Hand.3:1-8)** en in die Ou Testament lees ons van Elisa en Naaman **(2 Kon.5:9-14).**

Dit is deur hierdie wonderwerkende krag van God in die lewens en liggame van gewone mense, dat

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Hoe God jou wil genees…)

Sy Naam verheerlik word en die gelowiges oortuig word dat Hy lewe. Onthou altyd dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid! **(Heb.13:8).**

5. BUITENGEWONE KRAGTE (Hand.19:11-12)

En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.

God se wonderwerke is altyd wonderbaarlik groot, maar hier doen Hy iets nog groter. BUITENGEWONE KRAGTE! Ons moet op 'n paar punte let. Eerstens is dit ook 'n gawe wat aan mense gegee word soos dit Hom behaag. Dit word nie aan elke gelowige belowe nie. Tweedens is dit nie die voorskote of sakdoeke wat die genesing veroorsaak nie, dit is slegs die instrumente wat God gebruik het om hierdie buitengewone kragte mee te verrig. Paulus was, in hierdie geval, God se verkose instrument.

Ons weet dat Jesus God se Gesalfde was, die enigste Een wat ooit deur die Heilige Gees gesalf is en so die Christus geword het. In **Hand.10:38** lees ons: **God het Jesus van Nasaret gesalf met die Heilige Gees en met krag.** Hierdie krag was aan die werk in **Mark.5:25-34**, toe die vrou wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het, slegs Sy kleed aangeraak het en krag van Hom uitgegaan het. 'n Soortgelyke geval word in **Matt.14:34-36** beskryf, ons lees dat almal wat siek was na Hom gekom het en gesmeek het om net die soom van Sy kleed aan te raak en elkeen wat Hom aangeraak het, is volkome genees. Dit is ook interessant om daarop te let, dat in die geval van die vrou met bloedvloeiing, die Bybel verklaar dat krag van Hom uitgegaan het. Jesus het egter nie gesê dat die krag haar genees het nie, Hy het gesê: **"Dogter jou geloof het jou gered".** Ons sien weereens dat God van ons verwag om in Sy wonder werkende krag te glo. Wanneer ons geloof geaktiveer word in Sy vermoë, is ons genees.

As ons skepties en ongelowig is oor Sy krag om te genees, sal ons net aanhou met siekte en ellende. Genesing is slegs vir hulle wat glo.

6. GELOOF VAN DIE HART (Mark.11:23).

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see- en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur- hy sal verkry net wat hy sê.

Hierdie Skrif is deur baie predikers misbruik, bv. Die "name it and claim it" kultus. Ons moet onthou dat God nie Sy Woord kan verbreek nie, maar Hy sal reageer wanneer die versoek in lyn met Sy Woord of Wil is. As jy vir genesing, redding, behoeftes, beskerming ens. bid, waarvoor God in Sy Woord voorsien het, sal Hy daarvolgens optree.

In hierdie Skrif het ons 'n sleutel wat 'n heel nuwe geestelike waarheid vir ons kan oopmaak. God praat hier nie van gebed nie, maar van glo en die uitspreek van dit wat ons glo. As jy met jou hart glo en met jou mond bely dit wat jy glo, sal jy kry (ontvang) wat jy sê. Wanneer jy oor hierdie waarheid nadink, kom dit hierop neer: As jy sieklik en vol pyn is, terneergedruk en ontmoedig voel, sal jy so bly, omdat jy dit glo, en sal jy aanhou ontvang wat jy sê – siektes, pyne, bekommernis en probleme. As jy jou houding egter verander en begin glo dat God werklik by magte is om jou omstandighede te verander, sal jy met 'n hart vol geloof kan bely dat God besig is om jou te genees, dat jou pyn verlig is, dat Jesus aan die kruis gesterf het vir jou sondes en siektes en dat jy deur Sy wonde genees is volgens **Jes.53;4 en 5**. Dit is in lyn met God se Woord en beloftes en jy sal sien hoe God jou geloof eer en jou genees. Omdat jy 'n keuse gemaak het om God se Woord waarlik te glo, daarop te reageer en dit hardop uit te spreek uit 'n hart vol geloof, sal jy nuwe moed omtvang om te lewe. Jesus sê vir ons in die voorafgaande Skrif, dat 'n groot berg in jou lewe verwyder kan word deur dit te glo in jou hart en dit met jou mond te bely. Ons is vinnig om te sê:"God bedoel sekerlik nie 'n werklike berg van rotse en grond nie"; en dadelik betwyfel ons Sy mag en beperk die werking daarvan in ons lewens. Die God wat die Rooi see gekloof het vir die Israeliete, is dieselfde God wat die Skrifte geinspireer het. Dit kan egter ook 'n berg van siekte, sonde, bekommernis of armoede wees. Hierdie berge kan ook verwyder word deur jou geloof in God se vermoë en die woorde van jou mond wat bewys dat jy glo.

Het jy geweet van God se wonderlike beloftes vir jou in Sy Woord? Hoe lank gaan jy al gebuk onder jou las van siekte en terneergedruktheid, terwyl jou Hemelse Vader wag om jou nuwe krag te gee en jou probleem op te los? Weereens kom die woorde van die profeet Hosia in my gedagtes**: My volk**

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Hoe God jou wil genees….)

gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis (Hosia 4:6). Dit sou vir 'n ouer 'n groot kwelling wees,as hy 'n fortuin vir sy kind nagelaat het in sy testament en die kind na sy dood sou voortgaan om in armoede en ellende te leef, omdat hy geen kennis van die inhoud van sy pa se testament gehad het nie. Ons doen dit met God – ons lees nie Sy Woord nie en ons weet dus nie wat Sy wil vir ons is nie, gevolglik verloor ons al die rykdom en seën wat Hy vir ons in Christus Jesus gegee het. Maak 'n plan om God se Woord te leer ken, jou erfenis. Dit is van lewens en ewige belang!

Jesus het die hoofman se kneg in **Matt.8:5-13** genees deur sy geloof in Jesus se vermoë om net **"'n woord te spreek en my kneg sal gesond word".** Die hoofman het dit in sy hart geglo en dit hardop teenoor Jesus uitgespreek en daardie oomblik is sy kneg genees. Dan lees ons weer in **Mark.5** van die vrou wat genees is en aan wie Jesus gesê het: **"jou geloof het jou gered".** Sy het gesê: **"As ek maar Sy klere kan aanraak, sal ek gesond word".** Soos ons uit die verslag in Mark.5 weet, het sy presies ontvang wat sy in haar hart geglo en met haar mond gespreek het; dit wat die God van die Woord belowe.

Wanneer ons wedergebore word, geld dieselfde waarheid in God se Woord. Ons lees in **Rom.10:9-10: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.** Om gered te word, moet ons in die Here Jesus Christus glo, met ons hele hart en dan hierdie geloof in Hom bely met ons mond.

7. BID, GLO EN ONTVANG (Mark. 11:24).

Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.

Genesing is verseker een van die "alles wat julle vra" dinge wat God ons belowe en Hy kan nie 'n leuen vertel nie. Let daarop dat God sê, ons het of ontvang dit **WANNEER** ons daarvoor **BID**. Nie môre of volgende week nie, maar wanneer ons bid. As jy glo dat God, toe jy gebid het jou gebed gehoor en verhoor het, ongeag die simptome, sal jy dit met jou mond bely. "Ek prys die Here – ek glo ek is genees. Ek glo dat ek my genesing ontvang het". Dit is in lyn en in ooreenstemming met God se Woord en beloftes en nie volgens gevoelens nie. Dit mag vir jou onlogies klink, maar ons gaan nie volgens logika nie, maar deur geloof. Dit is God se belofte aan jou, glo dit en jy sal die resultaat daarvan sien. Dit is jou geloof in die voltooide werk van Jesus Christus aan die kruis wat die verandering te weeg bring. As jy dit werklik glo, sal jy daarvolgens handel. In **Mark.16** sê Jesus: **"Gaan lê hande op die siekes en hulle sal gesond word".** Hy het nie gesê dat hulle onmiddellik gesond sal wees nie. Genesing kan onmiddellik wees of oor 'n tydperk.

'n Dierbare ou man, oom Flippie, het al die pad van Christiana na 'n genesingsdiens in Stanger gekom, sodat dr. James vir sy genesing kon bid. Hy het 'n kankergewas langs sy neus gehad. Hy was vol geloof en het aandagtig na God se Woord geluister,soos lering oor Goddelike genesing gegee is. Daar verduidelik dat geloof net eenvoudig is om te glo dat God sal doen, wat Hy in Sy Woord belowe.Ons moet soos klein kindertjies glo, want God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie.Nadat dr. James vir oom Flippie gebid het, het hy die Here geprys, hom bedank omdat hy vir hom gebid het en hy en sy gesin is terug na Christiana. Sy dokters het hom aangeraai om vir chirurgie en radiumbehandeling te gaan om die gewas te verwyder en die uitslag sou beter wees as hy dadelik sou gaan. Oom Flippie het egter vas gestaan en verklaar: " 'n Gelowige het hande op my gelê en vir my gebid in Jesus se Naam en volgens God se Woord en beloftes in Mark.16:18, glo ek dat ek genees is. Die Bybel sê wanneer jy bid, glo dat jy ontvang en jy sal dit verkry". Hy het vas gestaan in die geloof en God geglo alhoewel die gewas groter geword het. Die dokters het baie bekommerd geraak aangesien hierdie soort kanker gewoonlik fataal is.

'n Tyd later het hy en sy gesin ons in Stanger besoek, toe hulle met vakansie was. Dr. James het gesê dat hy skaam was omdat sy mediese kennis, sy kennis van God se Woord en beloftes vir 'n oomblik verdring het, want die gewas se grootte het verdubbel. Hy het vir oom Flippie gesê:"Jy weet oom Flippie, soms gebruik die Here dokters en miskien wil Hy in jou geval chirurgie gebruik" "Wat!" het hy geantwoord,"Jy het vir my gesê die Here belowe om my te genees, as ek Hom en Sy Woord vertrou. Jy het vir my gebid en ons het saamgestem dat God se beloftes vir genesing waar is en nou sê jy iets anders". Dok het dadelik

(Verrvolg op Bl. 5)

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Hoe God jou wil genees...)

om verskoning gevra en voor die Here bely. Hulle twee het toe net die Here gedank vir die werk wat Hy besig was om in oom Flippie se lewe te doen. Toe hy terug in Christiana was, het die dokters hom min of meer opgegee, tog het hy vas bly staan en verklaar: ”God het dit gesê, ek glo dit en dit is klaar”. Minder as 'n week later het hy een aand bed toe gegaan, die gewas was nog groter en het kwaadaardiger gelyk, en die volgende oggend toe hy wakker word was die gewas skoon weg! Hy sê dat hy in die spieël gaan kyk het, nadat hy opgestaan het en 'n gladde vel gesien het waar die gewas was. Dit het gedurende die nag afgeval! Wat 'n wonderlike wonderwerk en hoe wonderbaarlik het God op oom Flippie se onwrikbare geloof gereageer. Hy was 'n ware voorbeeld vir ons almal.

Ons lees in **Rom. Hoofstuk 4** van Abraham wat 'n vader geword het, vyf-en-twintig jaar na God se belofte, dat hy die vader van baie nasies sou wees. Hy en Sara was verby die ouderdom om kinders te hê en ons lees in **verse 16-21: Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal – soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak – voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees. En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent hongerd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verdorwe was, en op die verdorwe toestand van die moederskoot van Sara nie. En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.**

Hierdie is sewe maniere wat God aan Sy mense gegee het waardeur hulle genesing kan ontvang. Hy wil jou volkome en gesond hê, omdat Hy jou lief het en vir jou omgee. Hy was, Hy is en sal altyd die God wees wat jou genees. ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Fil. 4:6: Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

My vriend, God wil nie hê dat jy vreesagtig, ergerlik of angstig moet wees nie. Inteendeel Hy wil hê dat “ jy oor niks besorg moet wees nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God ”.

Wanneer jy dus ‘n sorg of bekommernis het, verander dadelik daardie sorg of bekommernis na ‘n gebed. Dit is smeking. Wanneer jy ‘n sorg of bekommernis het waarvoor jy nie weet hoe om te bid nie, bid in die Gees of tale. In daardie gebed, dank God dat Hy reeds jou genesing, sukses en oorwinning is. Dit, geliefde is danksegging.

Hoe lank behoort ek te bid as ek oor iets bekommerd is? Hou aan met bid. Bid in die Gees totdat die bekommernis lig of verdwyn, “en die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus (Fil. 4:7).

Geliefdes, julle is vir ons van onskatbare waarde en ons het julle lief en bid gereeld vir julle. Baie dankie vir julle ondersteuning deur gebede, briewe, oproepe en finansies, want sonder julle sal ons nie die Woord vanuit die Sentrum kan versprei nie. Ons bid dat God julle in Sy liefde sal toevou, beskerm, genees en seën.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

Spesiale woord van dank

‘n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u ‘n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GOD'S WILL FOR HEALING

His Compassion

God desires to heal you because it is in His very nature to do so, it is part of His character. In the Old Testament, one of His redemptive names is Jehovah Rapha, "I am the God that healeth thee". **Romans 8:32** tells us that: **He who did not spare His own Son, but delivered Him up for us all, how shall He not with Him also freely give us all things?** He gave His sinless, spotless, only begotten Son, to die for us, who are sinful and unworthy. Does this act not demonstrate a love and compassion beyond comprehension? Jesus, as He walked on this earth, having come to do the Will of His Father and to show us the Father, was filled with compassion and healed the sick. We read in **Matt. 14:14: And when Jesus went out He saw a great multitude; and He was moved with compassion for them, and healed their sick.** We read the account of the two blind men in **Matt. 20:34: So Jesus had compassion and touched their eyes. And immediately their eyes received sight, and they followed Him.**

Jesus not only healed because He was the Son of God, God made flesh, who came to dwell among us **(John 1:14)**, but because of His infinite compassion.

To Glorify God

There are those people who reason that God sends sickness to reveal His Power and Glory, but just the opposite is true. It is when healing takes place that God receives praise and glory! We read this in **Matt. 15:30 and 31: Then great multitudes came to Him, having with them those who were lame, blind, mute, maimed, and many others; and they laid them down at Jesus' feet, and He healed them. So the multitude marvelled when they saw the mute speaking, the maimed made whole, the lame walking, and the blind seeing; and they glorified the God of Israel.** We see again in **Luke 13:13** how God was glorified when the sick were healed. **"And He laid His hands on her, and immediately she was made straight, and glorified God."** When people receive their healing it is the most natural thing in the world for them to be filled with gratitude, thanksgiving and joy, which all spill over into an act of praising God and glorifying His Name. We see this in **Acts 3:7-8: And he took him by the right hand and lifted him up, and immediately his feet and ankle bones received strength. So he, leaping up, stood and walked and entered the temple with them – walking, leaping, and praising God.** How it is possible for anyone to suggest that sickness can be glorifying to God is beyond me, and makes no sense whatsoever! Healing brings glory to God!

Some years ago the director of YWAM asked Dr. James to give the students a teaching on divine healing. They were based in Pretoria and would be coming to our area for the purpose of having an Outreach, taking the Gospel to the people in our area. The meeting was arranged for an evening and took place in our local church hall. It was wonderful to see so many young people enthusiastic for the Lord and desirous of learning to know Him and His ways in order to serve Him. Dr. James commenced by giving them the Scriptures upon which divine healing is based, and told them that the Lord Jesus had made this possible, he then felt led by the Lord to pray for the sick so that they could witness a demonstration of God's power, and called upon the youngest members present to pray with him providing that they believed in God's healing power. We witnessed wonderful healings that night as everyone present participated in prayer for the sick and God honoured our corporate faith. Once the demonstration had taken place and everyone was convinced that God still heals today, Dr. James asked those who still needed to be touched and healed, to come forward and stand in a line, and he would lay hands upon them. A young man who had joined the line, came forward stretching his two arms out in front of him. The one arm was crooked and considerably shorter than the other, and when Doc. remarked that they were busy with serious things of the Lord, and that he should not mock in any way, he replied, "No, I am not playing, I was shot in my right shoulder in Angola and my shoulder joint has been shattered and out of action ever since." Doc prayed for him with the laying on of hands, and witnessed how the Lord touched him so that both arms once again were the same length. He then went on to pray for the

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - God's will for healing)
next person in line, and as he was doing so, he heard a loud noise and thud! He looked up to see what was happening and our young soldier-boy's face was radiant with joy and excitement! What had taken place was that he had taken off one of his shoes and bowled it the length of the church hall, and it had hit the platform at the other end, making a terrific noise! It appears that he had been an enthusiastic cricketer and a first class bowler before going to war in Angola, and he had been devastated by the fact that he would never be able to bowl with his right arm again. That night God completely healed his shoulder joint and he knew it, so he put his faith into action by doing the one thing he knew he had not been able to do. You can imagine how great his jubilation on discovering that he was able to bowl again! Everybody rejoiced with him and great was the celebration as everyone gave thanks and glory to the Lord.

To Confirm His Mission From His Father.

Jesus Christ also heals so that He can confirm His mission from God the Father to this earth. In **John 10:37-38** He says to the Jews: **If I do not the works of my Father, believe Me not. But if I do, though ye believe not Me, believe the works: that ye may know, and believe, that the Father is in Me, and I in Him.**

In the Great Commission at the end of the Gospel of Mark, we read: **And He said to them, "Go into all the world and preach the gospel to every creature". He who believes and is baptised will be saved; but he who does not believe will be condemned. And these signs will follow those who believe: In My name they will cast out demons; they will speak with new tongues; they will take up serpents; and if they drink anything deadly, it will by no means hurt them;** (referring to the works of Satan) **they will lay hands on the sick, and they will recover. So then, after the Lord had spoken to them, He was received up into heaven, and sat down at the right hand of God. And they went out and preached everywhere, the Lord working with them and confirming the word through the accompanying signs. Amen (Mark 16:15-20).**

The healing of the sick in the Name of Jesus is given as one of the signs which follow true believers. But today, man in his 'wisdom' has decided that these healings were for Biblical times only, and in so doing denies the power of God and His ability to still perform miracles today. God's Supernatural power is necessary for the performing of miracles, and these miracles confirm that Christ is who He says He is, and that His promises will be fulfilled in the lives of believers. By this demonstration of God's Power, the unbeliever sees a living God in action, and he too believes. In **Matt. 28:18-20** we read: **Then Jesus came and spoke to them, saying, "All authority has been given to Me in heaven and on earth. Go therefore and make disciples of all the nations, baptising them in the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, <u>teaching them to observe all things that I have commanded you</u>; and lo, I am with you always, even <u>to the end of the age</u>." Amen.** The end has not yet come, so we can assume that we are to continue in the things that the Lord commanded His disciples to do while He was still on earth, and this includes healing the sick. We can also therefore accept without reservation the fact that God still heals today, because it is His Will to heal.

To Destroy the works of the Enemy

It is also His purpose to destroy the works of the Evil one, according to **Acts 10:38** which says: **How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Spirit and with power, who went about doing good and healing all <u>who were oppressed by the devil</u>, for God was with Him,** and **1 John 3:8** which tells us that: **He who sins is of the devil, for the devil has sinned from the beginning. For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil.** God loves you and wants to heal you so that you can serve Him with joy and gratitude and so that you will go out and help to bring in the harvest through your testimony, having experienced God's miracle working power in your own life. It is always the goodness of God that leads man to repentance **(Romans 2:4).**

Why does God desire to heal you? Because of His compassion, in order to bring glory to Father God, to confirm Jesus' mission from His Father, and to destroy the works of the evil one. ●

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid..

Liewe Meg en gebedspan,

My broer, vir wie ek u onlangs gevra het vir gebed, prys loof en eer ons Groot Geneesheer, hy voel stukke beter. Hy sê ook baie dankie vir u gebede. Baie Dankie ook van my kant.

Nico Karsten.

Goeiemôre gebedsvriende, Dankie vir jul getroue saam bid al die jare. Eers net 'n groot dankie aan julle vir 'n vorige gebedsversoek vir JAMES (nou 13) het wonder genesing ontvang vir groeisel in sy neus (vanaf geboorte.) Ere aan ons Groot Geneesheer !!!

Ellen White

Hallo Meg en Span,

Daar is so 'n super groot verbetering met Andre. Hulle gaan nie nog 'n operasie doen nie.

Die lek uit die dikderm het amper opgeklaar.

Daar lê nog 'n lang pad voor, maar die Here het duidelik ingegryp en dit teweeg gebring.

Hou maar aan bid asb.

Heloise

Susan kan getuig van die wonderlike werking van God se genade. Dit nadat sy vir een maand in 'n koma was na 'n ernstige beroerte waarvan sy geheel en al herstel het.

Net toe die dokters besluit het om te opereer om die bloeding te stop en die drukking te verlig, het Susan, wonderbaarlik uit die koma gekom.

Ons loof en prys ons Hemelse Vader, dit is 'n wonderwerk!! Mens moet nooit ophou bid nie.

Sy gee die Here al die eer en lof, Hy is wonderbaarlik!!

John Jansen

Baie dankie vir die nuusbrief wat ek elke maand ontvang. Ek waardeer dit regtig baie, dit gee my sommer nuwe moed en krag om te lees wat u geskryf het. Ek wil net baie dankie sê vir u gebed vir my. My man het vir my laat bid, want ons kon nie swanger raak nie. Ons het in Augustus 'n pragtige baba dogtertjie gehad. Ons loof en prys ons Hemelse Vader en ons is so dankbaar vir julle gebede vir ons!!

Mev Chantel Buys, Pretoria

Ek wil u die wonder vertel. My man het mos hoë bloeddruk gehad. Ek het gevra dat julle vir Hom moet bid. Hy is volkome genees!! Alle eer aan die Here! Net weer besef by God is alle dinge moontlik.

Petro Swanepoel, Benoni

Last year I wrote to you, asking for prayer for my daughter Jean. At that time she was drinking, smoking and mixing with a bad crowd. She never even slept at home. After your prayers Jean gave her life to Jesus and is completely changed. All her old ways have passed away. All Glory to God!

Mrs. de Klerk, Kimberley

Ek neem die vrymoedigheid om weer te vra vir julle voorbidding. Sowat 3 jaar gelede sou ek 'n rug operasie moes ondergaan, maar het eers gevra vir julle voorbidding. Ek het saam met julle die Here vertrou en binne twee weke was al die ontsettende pyn weg en my been wat in 'n mate gevoelloos was, gesond. Ek getuig maar net van Sy wonder werkende en genesende krag.

Liefde groete

Amanda Fourie, Durban

GEEN SLAPELOSE NAGTE MEER

Ps. 127:2: Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet - net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!

Is jy een van die wat probleme het om in die nag te slaap? Miskien het jy net vanoggend gesê: "Ek was die hele nag op – my seun het 'n hoë koors gehad" of "Ek het net vir twee ure geslaap – ek was wakker om my voorlegging af te rond" of "Ek kon glad nie slaap nie – ek was bekommerd oor die rekeninge wat ophoop."

God **"gee dit vir Sy beminde in die slaap ".** Wie is Sy beminde? Ek en jy! Omdat ons in Christus is, is ons Sy beminde **(Ef. 1:6; 2 Thess. 2:13).**

God sê:**"Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet... "**Met ander woorde, dit is nutteloos om bekommerd en slapeloos te wees, want die waarheid is: **"As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter (Ps. 127:1).**

Laat God dus die Een wees wat jou loopbaan bou en oor jou finansiële beleggings waghou. Laat Hy die een wees wat oor jou gesondheid, huwelik en kinders waak. Moet jou nie bekommer en laat opbly asof jy die bron van vermeerdering is, of die mag het om dinge te laat gebeur en die situasie te red nie. Nee, God is die een en Hy sê vir jou: "My geliefde kind, gee daardie bekommernis vir My en slaap. "Terwyl jy slaap werk Hy aan jou situasie. Hy, **wie nie sluimer of slaap nie (Ps. 121:3–4)**, werk die nagskof vir jou wanneer jy slaap!

Omdat ons egter sulke daders en optreders is, is dit vir ons moeilik om te laat gaan en God te laat oorneem. Wanneer ons dit egter werklik doen, deur al ons sorge, angs en bekommernisse eens en vir altyd in Sy hande te gee, sal ons sien hoe Hy vir ons omgee, liefdevol en waaksaam **(1 Pet. 5:7).** Ons sal sien dat Hy vir ons probleme sorg en dinge ten goede uitwerk **(Rom. 8:28).**

Geliefde vertrou jou Vader se liefde vir jou. Werp jou sorge op Hom en het nooit weer slapelose nagte nie. ●